**VRAAG 1** **100 punte**

Alle bedrae sluit Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW) in, tensy spesifiek anders aangedui word. Veronderstel ŉ BTW-koers van 15%.

TellMeMore (Edms) Bpk ('TellMeMore') is ŉ internetdiensverskaffer wat ten doel het om bekostigbare toegang tot die internet aan al sy Suid-Afrikaanse klante te verskaf. Die maatskappy is in 1998 deur dr Henry Jones, ŉ wiskundige, gebore in Australië, gestig. TellMeMore het baanbrekerswerk gedoen met internettoegang na huise in Suid-Afrika deur middel van vesel (ŉ metode vir konnektiwiteit wat baie vinnige datatransmissie moontlik maak). Hierdie ontwikkeling het oor die afgelope paar jaar tot ŉ beduidende toename in inkomste vir TellMemMore gelei. Henry se visie is om die beste hoëspoed-internettoegang teen ŉ bekostigbare tarief te verskaf met geen beperking op die hoeveelheid data wat per maand gebruik kan word nie (dus onbeperk (Engels: 'uncapped')).

TellMeMore is ŉ entrepreneursbesigheid wat op waagkapitaal staatmaak om uitbreidings te befonds. Henry het sedert inlywing van die maatskappy besluit om TellMeMore se finansiële state ooreenkomstig International Financial Reporting Standards (IFRS) voor te berei en om die finansiële state te laat oudit. TellMeMore het ŉ Junie finansiële jaareinde en is ŉ geregistreerde kategorie B BTW-ondernemer.

SGT Ouditeure ('SGT') is sedert die stigting van die maatskappy, TellMeMore se ouditeure en Me Lungile Tshabalala is die afgelope sewe jaar die ouditvennoot. Lungile en die Finansiële Direkteur by TellMeMore, Me Cindy Smith, het mettertyd goeie vriende geword en hul gesinne hou nou soms saam vakansie. Gedurende die mees onlangse vakansie het Cindy vir Lungile gesê dat TellMeMore ŉ drastiese vermindering, eerder as ŉ verhoging, in hul ouditfooi verwag, anders sou hulle die oudit op tender moet plaas. TellMeMore is ŉ beduidende klant vir SGT en gevolglik is Lungile onder druk om die aantal mense betrokke by die oudit te verminder om die ouditfooie laag te hou.

**Vesel-na-die-huis-tegnologie**

Suid-Afrika is nie so gevorderd soos ontwikkelde lande wat internetspoed en -koste betref nie. Suid-Afrika het egter die afgelope paar jaar ŉ toename in belegging in vesel-na-die-huis-tegnologie beleef. Verskeie gevestigde en nuwe maatskappye installeer vesel-na-die-huis-netwerke in stede en dorpe.

Daar is twee tipes rolspelers betrokke by die lewering van veseltegnologie aan huiseienaars:

1 ***Die infrastruktuurverskaffer:*** Verskaffers, soos byvoorbeeld M-Fibre (Edms) Bpk ('M-Fibre'), is verantwoordelik vir die verskaffing van die veselinfrastruktuur na die huise. Internetdiensverskaffers kan toegang tot hierdie soort infrastruktuur verkry, en betaal vir gebruik van die lyn.

2 ***Die internetdiensverskaffer:*** Internetdiensverskaffers, soos TellMeMore, verskaf internettoegang aan klante via die veselinfrastruktuur wat deur die infrastruktuur-verskaffers ontwikkel is. Internetdiensverskaffers bied ŉ verskeidenheid internet-pakkette met verskillende pryse aan klante wat by hul verskillende behoeftes pas.

**TellMeMore-kontrakte**

Die onderstaande inligting hou verband met die aangaan van kontrakte met klante:

- TellMeMore is papierloos en sluit dus kontrakte met klante elektronies.
- Nadat 'n klant 'n bestellingsnavraag aanlyn op die TellMeMore-webwerf voltooi het, besoek 'n verkoopverteenwoordiger van die maatskappy die klant om die klant se behoeftes te bepaal en die verskillende pakkette en die installeringsproses te verduidelik. Sodra die kontrak elektronies onderteken is, word dit per e-pos aan die klant gestuur. Die kontrak lê al die besonderhede van die klant asook die kontrakopsie wat hy/sy gekies het, vas.
- Klante kan tussen vier verskillende soorte kontrakte kies, gebaseer op hul databehoeftes. Hierdie opsies word op TellMeMore se webwerf geadverteer, met verskillende kontrakpryse na gelang van die aflaai- en oplaaispoed.
- M-Fibre is die infrastruktuurverskaffer wat die veselinfrastruktuur aan die klant verskaf.
    - M-Fibre hef 'n afsonderlike eenmalige installeringskoste van R1 500 per klant vir die installering van die veselinfrastruktuur.
    - Sodra 'n klant die kontrak onderteken het, skeduleer M-Fibre die veselinstallering in die klant se huis om die vesel te konnekteer.
- TellMeMore is verantwoordelik vir die verskaffing van die internetdiens aan die klant en betaal 'n vasgestelde maandelikse fooi van R500 000 per maand aan M-Fibre vir gebruik van die veselinfrastruktuur vir dienslewering aan sy klante.
- TellMeMore verskaf 'n gratis versender (Engels: 'router') aan die gebruiker (klant).
    - Die versender is 'n standaardtipe wat gereeld deur aanlynhandelaars teen R599 verkoop word. Die versender kos TellMeMore R375 (BTW uitgesluit).
    - Die versender word die eiendom van die klant wanneer die kontrak onderteken is en kan dus met enige internetdiensverskaffer gebruik word.
- Aangesien die kontrakte oor 12 maande strek, word agtergrond-kredietondersoeke van die klante gedoen om seker te maak dat hulle die bepalings en voorwaardes van die kontrak kan nakom.
- Klante wat die kontrak onderteken, is kontraktueel verbind tot die bepalings en voorwaardes wat op TellMeMore se webwerf uiteengesit word, en dit word geag regtens afdwingbaar te wees.

**Invoer, uitvoer en verkoop van versenders**

TellMeMore voer sy versenders vanaf Taiwan in. Die maatskappy het 'n besending van 3 000 versenders gedurende Mei 2018 teen 'n randekwivalent van R1 050 000 ingevoer. Die versenders is gedurende Mei 2018 by die punt van oorsprong opgelaai. Beheer het na TellMeMore oorgegaan op die tydstip wat die versenders op die skip gelaai is. Die versenders het vroeg in Junie 2018 in Suid-Afrika aangekom en is op 8 Junie 2018 deur Doeane geklaar. Die markwaarde van R1 050 000 soos op die invoerdokumente aangedui, is vanuit 'n doeane- en aksynsoogpunt aanvaar. Invoerregte het R75 000 beloop.

TellMeMore het in Junie 2018 500 van hierdie versenders teen 'n totale verkoopprys van R250 000 na 'n Namibiese maatskappy uitgevoer.

TellMeMore laat elke werknemer toe om in enige driejaartydperk een versender gratis te bekom. Twee werknemers het van hierdie voordeel gebruik gemaak:

- Me Lebo Lephoto het 'n versender in Mei 2018 verkry.
- Me Sipha Mandela het in Junie 2018 'n versender uit ou voorraad, met 'n markwaarde van slegs R300, verkry.

Die rekenmeester het die transaksies, wat BTW uitgesluit het, soos volg gejoernaliseer:

| | Dt | Kt |
|---|---|---|
| | R | R |
| Salarisse: Lebo Lephoto | 375 | |
| Voorraad | | 375 |
| Salarisse: Sipha Mandela | 375 | |
| Voorraad | | 375 |

**Wolk-gebaseerde (Engels: 'Cloud-based') rekeningkundige sagteware**

TellMeMore gebruik rekeningkundige sagteware bekend as Naught$^{TM}$, 'n wolk-gebaseerde rekeningkundige sagteware wat spesifiek vir klein en medium-grootte besighede ontwerp is. Vanuit 'n belastinginwoner-oogpunt is die verskaffer van Naught 'n nie-inwonermaatskappy. Vanuit 'n BTW-oogpunt word die sagtewareprogram as 'n elektroniese diens beskou. Henry het van Naught te wete gekom toe 'n artikel daaroor in *Innovation Magazine* verskyn het. Naught is beskryf as die opkomende wêreldleier in aanlyn rekeningkundige sagteware wat klein besighede met hul adviseurs verbind. Dit het perfek geklink vir TellMeMore aangesien Henry die besigheid as ongekompliseerd beskou en hy na 'n eenvoudige rekeningkundige sagteware-oplossing gesoek het.

Die wolk-gebaseerde sagteware beteken dat een weergawe van die sagteware deur almal en vanaf enige plek af gebruik word, insluitend mobiele toestelle. Nuwe ontwikkelinge (of kenmerke) raak outomaties beskikbaar. Samewerking tussen rekenmeesters, boekhouers, ouditeure en derdeparty-sagteware is maklik. 'n Ander sleutelkenmerk van Naught is sy vermoë om moeiteloos met meer as 700 toepassings (Eng.: 'applications') te verbind vir 'n volledige oplossing. Naught is 'n innoverende produk wat aanhou om teen 'n ongeëwenaarde tempo te groei, en die sagteware het talle toekennings gedurende sy relatief kort leeftyd tot datum gewen. Innovering soos outomatisering, masjienleer en kunsmatige intelligensie is nou deel van die sagtewarepakket.

TellMeMore is sedert 2014 teen R5 000 per maand op die sagteware ingeteken en gebruik die sagteware as sy rekeningkundige stelsel.

**Verantwoording van kontrakte deur gebruik van Naught-sagteware**

Die onderstaande illustreer hoe TellMeMore die Naught-rekeningkundige stelsel gebruik om 'n Tell10/10-kontrakopsie te verantwoord. Die basiese bepalings van hierdie kontrak is soos volg:

| **Tell10/10-kontrakbepalings** |
|---|
| R649 per maand |
| 10 megabit per sekonde aflaai-/oplaaispoed |
| Onbeperkte data |
| Gratis versender |
| 12-maandekontrak |
| Sluit die maandelikse fooi vir die gebruik van die M-Fibre-lyn in |

- TellMeMore gebruik die SignMeApp-toep (Eng.: ‘app’) om kontrakte met klante te sluit:
    - o Wanneer ’n klant ’n produk op die webwerf bestel, word die klant se data na die toepassing oorgedra en ’n nuwe kontrak word geskep;
    - o Die verkoopverteenwoordiger besoek die klant met ’n elektroniese tablet (waarop die SignMeApp-toep gelaai is) en die kontrak word op die verteenwoordiger se elektroniese tablet voltooi en onderteken; en
    - o Die toepassing stuur ’n afskrif van die kontrak na die klant se e-posadres.
- TellMeMore betaal ‘n inskrywingsfooi van R150 per maand vir die SignMeApp-toep, wat deur ’n geregistreerde Suid-Afrikaanse BTW-ondernemer verskaf word.
- Die SignMeApp-toep werk moeiteloos met Naught saam om sleuteldata van die kontrak na Naught oor te dra. ’n Afskrif van die kontrak word ook in die Naught-kontrakte databasis gestoor.
- Naught ontvang die sleutelinligting van die kontrak en stel outomaties ’n faktureringskedule op. Klante word maandeliks agterna gefaktureer. Naught skep, stoor en stuur die herhalende fakture outomaties per e-pos. In die geval van ’n Tell10/10-kontrak, sal Naught byvoorbeeld vir ’n tydperk van 12 maande aan die einde van elke maand ’n faktuur van R649 per maand stuur.
- Wanneer die fakture geskep en aan die einde van ’n maand per e-pos aan klante gestuur word, debiteer Naught die klant se rekening en krediteer ’n inkomste-afwagrekening in die grootboek met die gefaktureerde bedrag. Dit word hieronder geïllustreer:

| | | | **Dt** | **Kt** |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | | | **R** | **R** |
| DD/MM/JJJJ | Dt Handelsrekening ontvangvaar (Klant xxxx) | SvFP | 649 | |
| | Kt Inkomste-afwagrekening | SvFP | | 649 |
| | *Inteken DD/MM/JJJJ vir Klant xxxx* | | | |

- ‘Betaal hier’-opsies word op die fakture aangedui, wat klante toelaat om te kies hoe om die fakture te betaal. Opsies sluit in –
    - o betaling met ’n debiet- of kredietkaart via die elektroniese skakel op die faktuur; of
    - o betaling via ’n elektroniese fondsoorplasing of kontant na TellMeMore se bankrekening deur ’n geïndividualiseerde verwysingsnommer te gebruik.
- Betalingsvoorwaardes is 30 dae vanaf die datum van fakturering.
- TellMeMore het ’n direkte banktoevoer (Engels: ‘bank feed’) van sy bankrekeninge na Naught opgestel. Data vanaf die bank word daagliks na Naught gevoer en Naught paar die deposito’s met die fakture. Wanneer deposito’s gepaar word, debiteer Naught die bankrekening en krediteer die klant se rekening in die grootboek. Naught erken terselfdertyd inkomste en debiteer die inkomste-afwagrekening wat ten tye van fakturering geskep is en krediteer die inkomsterekening in die grootboek. Naught skep ’n uitsonderingsverslag, wat nagegaan moet word, vir deposito’s wat nie gepaar kan word nie. Die joernaalinskrywings wat uit die paring van die deposito met die faktuur voortspruit, word hieronder geïllustreer:

| | | | **Dt** | **Kt** |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | | | **R** | **R** |
| DD/MM/JJJJ | Dt Bank | SvFP | 649 | |
| | Kt Handelsrekening ontvangbaar (Klant xxxx) | SvFP | | 649 |
| | *Ledegeld DD/MM/JJJJ vir Klant xxxx* | | | |
| DD/MM/JJJJ | Dt Inkomste-afwagrekening | SvFP | 649 | |
| | Kt Inkomste | W/V | | 649 |
| | *Erkenning van inkomste vir DD/MM/JJJJ dienste* | | | |

**TellMeMore-betalings aan M-Fibre en administrasie van dokumente**

- M-Fibre gebruik ook Naught en dien via Naught hul maandelikse fakture aan TellMeMore vir betaling in.
- Daaglikse banktoevoere laat Naught toe om die betalings gemaak deur TellMeMore met die fakture te paar. Wanneer betalings gepaar is, debiteer Naught die handelsrekening betaalbaar en krediteer die bankrekening in die grootboek. Naught skep ŉ uitsonderingsverslag wat nagegaan moet word vir betalings wat nie gepaar kan word nie.
- Alle dokumente en fakture ontvang in verband met faktuurbetalings en uitgawes word per e-pos na die lêer se in-mandjie (Engels: 'inbox') by Naught vir veilige rekordhouding gestuur. In die geval van verskaffers wat Naught-fakturering gebruik, kan Naught outomaties die besonderhede van die faktuur lees en soveel besonderhede as moontlik by ŉ uitgawe-paneelbord (Engels: 'expense dashboard') voeg. Die besonderhede sluit in die naam van die verskaffer, die bedrag, faktuurnommer, ens. Vir sommige uitgawes kan Naught daarbenewens deur kunsmatige intelligensie en masjienleer die uitgawes korrek klassifiseer. In hierdie gevalle debiteer Naught die betrokke uitgawerekening en krediteer ŉ handelsrekening betaalbaar in die grootboek.
- Omdat alles aanlyn in die wolk gestoor word, kan toegang tot hierdie fakture te eniger tyd en op enige plek verkry word. In die geval van fakture wat per hand ontvang word, word ŉ foto met ŉ slimfoontoestel geneem en per e-pos na die Naught-lêer se in-mandjie gestuur. Fakture wat nie deur Naught 'gelees' kan word nie, word op ŉ paneelbord geplaas vir gebruikersintervensie en prosessering, waarna Naught die betrokke inskrywings in die grootboek prosesseer.
- Aangesien die data intyds (Engels: 'in real-time') geprosesseer word, kan finansiële verslae onmiddellik onttrek word. Henry kan intyds en onmiddellik na die maatskappy se staat van finansiële posisie, staat van wins of verlies en ander omvattende inkomste, staat van veranderinge in ekwiteit en kontantvloeistaat kyk.

**Finansiële jaareindoorwegings**

- Mnr Azhar Daniels, GR(SA), wat as ŉ onafhanklike diensverskaffer aangestel is om rekeningkundige dienste aan TellMeMore te lewer, maak aan die einde van die finansiële jaar gebruik van die 'Collaborate'-funksie in Naught om verkoopkontrakte, fakture gegenereer, fakture ontvang, en ander dokumente wat in die databasis gestoor word, van enige plek af na te gaan. Azhar maak of prosesseer selde enige verdere aansuiwerings en 'teken' ŉ proefbalans 'af', vanwaar die finansiële state wat aan IFRS voldoen, opgestel word. ŉ Tydstempel op die Collaborate-funksie toon dat hy nie meer as tien minute aan nasiening en aftekening van die proefbalans bestee nie. Azhar se faktuur weerspieël egter dat vier ure se werk gedoen is. TellMeMore se mees onlangse finansiële jaareinde was 30 Junie 2018 (FJ2018).
- Vir TellMeMore se BTW-opgawes voer Azhar bloot ŉ basiese berekening van BTW-uitset betaalbaar en BTW-inset eisbaar op ŉ tweemaandelikse grondslag uit. Die berekening word slegs gebaseer op die inkomste-en-uitgawe-rekeninge wat deur die staat van wins of verlies weerspieël word. BTW-uitset word met ander woorde bereken deur van die belastingbreukdeel vir inkomsterekeninge gebruik te maak, en BTW-inset deur van die belastingbreukdeel vir uitgawerekeninge gebruik te maak. Azhar het Henry ingelig dat hy verkies om die BTW-berekening op hierdie basiese manier te doen, aangesien dit tyd spaar.
- Die ouditeure het op die 30 Junie 2018 finansiële jaareinde ŉ skedule van joernaalinskrywings wat na die grootboek geprosesseer moes word, aan Henry verskaf. Sommige van die joernaalinskrywings het inkomste beïnvloed.

**Ontwikkeling van ʼn toepassing**

Henry het onlangs ʼn IFRS-opdateringskursus bygewoon en het besef dat die inkomstebedrag waarna hy daagliks kyk, in der waarheid van die inkomstebedrag in sy IFRS finansiële state op die finansiële jaareinde verskil. Hy het besef dat die Naught-data aangesuiwer moes word om die korrekte inkomstebedrag op enige tydstip te weerspieël. Henry het begin soek na ʼn manier om hierdie probleem op te los. Hy het besluit om ʼn toepassing te ontwikkel en te verkoop wat met Naught kan integreer en die joernaalinskrywings korrek in die grootboek kan erken. Die toepassing sal aanlyn beskikbaar wees aan Naught se miljoen plus aktiewe intekenaars, van wie meer as 100 000 Suid-Afrikaanse belastinginwoners is.

Henry het die toepassing-idee op 1 Augustus 2018 met Azhar bespreek. Azhar het saamgestem dat daar, so ver sy kennis strek, geen sodanige toepassing bestaan nie. Hulle was albei van mening dat daar ʼn mark vir so ʼn toepassing bestaan, in die besonder vir klante wat verkoopkontrakte met komplekse reëlings het. Henry het ʼn ander Naught-deskundige gekontak wat beraam het dat 1% van Naught se aktiewe gebruikers in die toepassing sou belangstel. Indien dit teen ʼn aanvanklike prys van R50 per maand bemark sou word, sou TellMeMore ten minste R500 000 per maand kon verdien.

- Henry het gevolglik op 5 Augustus 2018 ʼn toepassing-ontwikkelaar aangestel om die toepassing teen ʼn bedrag van R250 000 te konseptualiseer en beplan.
- ʼn Konsepweergawe van die ontwerp van die toepassing, bekend as ‘ContractAccount’, is op 31 Oktober 2018 voltooi. TellMeMore het die ontwerp goedgekeur en toestemming gegee om die ontwikkeling van die toepassing te voltooi teen ʼn koste van R800 000 per maand, betaalbaar aan die toepassing-ontwikkelaar. Sodanige betaling sal pro rata toegedeel word vir ʼn deel van ʼn maand.
- ʼn Onafhanklike toepassing-konsultant is op 15 November 2018 teen ʼn koste van R35 000 aangestel om die toepassing-ontwikkeling tot op daardie stadium te toets. Daar is bevind dat die toepassing tegnies op standaard was, maar dat enkele klein veranderinge gemaak moes word.
- Die ContractAccount-toepassing is op 15 Desember 2018 voltooi en bekend gestel, op welke datum die kontrak met die ontwikkelaar van die toepassing beëindig is. ʼn Fout wat die toepassing in sommige omstandighede laat ineenstort het, is in Januarie 2019 ontdek en ʼn bykomende R15 000 is aan ʼn oplossing vir hierdie probleem bestee. Sedertdien het die toepassing goed presteer, en TellMeMore het tot en met Januarie 2019 kontrakte met 1 000 klante gesluit. Afgesien van gereelde opdaterings (Engels: ‘updates’) wat gemaak sal moet word, is TellMeMore van mening dat ContractAccount ʼn oneindigende nutsduur sal hê.

**Bykomende inligting**

- TellMeMore het IFRS 15 *Revenue from Contracts with Customers* vanaf 1 Julie 2017 vroeg aanvaar en tot die korrekte gevolgtrekking gekom dat daar geen beduidende finansieringsvoordeel in sy kontrakte met klante bestaan nie.
- Alle bedrae is wesenlik.

**AANVANKLIKE TOETS VAN BEVOEGDHEID, JANUARIE 2019**

**PROFESSIONELE VRAESTEL 3**

**Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Beantwoord elke deel in 'n afsonderlike antwoordboek.**

| **VRAAG 1 DEEL I – VERLANG** | | **Punte** | |
|---|---|---|---|
| | | **Sub-totaal** | **Totaal** |
| Al bedrae sluit BTW in, tensy spesifiek anders aangedui word. | | | |
| (a) | Met verwysing na 'n Tell10/10-kontrak en na IFRS 15 –<br>o evalueer krities en bespreek die joernaalinskrywings in die scenario wat deur die Naught rekeningkundige sagteware geprosesseer is; en<br>o verstrek die joernaalinskrywings, met datums en ondersteunende berekeninge, wat deur die Naught rekeningkundige sagteware geprossesseer moes gewees het om te verseker dat finansiële inligting wat aan IFRS voldoen, deur TellMeMore vir FJ2018 verskaf is.<br><br>Aanvaar dat die Tell10/10-kontrakklant op 1 Mei 2018 onderteken is, dat die klant by wyse van elektroniese fondsoordragte betaal en dat die klant die Mei-faktuur betyds betaal het maar nie die Junie-faktuur teen die finansiële jaareinde betaal het nie.<br><br>• Regstellende joernaalinskrywings word nie verlang nie.<br>• Joernale vir enige direkte uitgawes word verlang insoverre die beskikbare inligting dit toelaat.<br>• Ignoreer enige transaksies wat met die invoer en uitvoer van versenders verband hou.<br>• Rond bedrae af tot die naaste rand.<br>• Ignoreer lopende en uitgestelde belasting.<br>• Moenie aanbieding bespreek nie. | 32 | |
| | *Kommunikasievaardighede – aanbieding; duidelike uitdrukkingswyse* | *2* | 34 |
| (b) | Bereken, gebaseer op die inligting in die gevallestudie en met ondersteunende redes, die BTW betaalbaar/eisbaar deur TellMeMore vir die BTW-tydperk geëindig 30 Junie 2018.<br><br>Aanvaar vir die doel van hierdie berekening dat die gefaktureerde bedrae vir internet-pakketkontrakte (die vergoeding) (Eng.: 'consideration') R4 miljoen vir die BTW-tydperk geëindig 30 Junie 2018 beloop het.<br><br>• Verskaf kortliks 'n rede vir die transaksies waaruit geen belastingimplikasies spruit nie.<br>• Rond bedrae af tot die naaste rand. | 13 | 13 |

**Vervolg**


© SAICA 2019

| VRAAG 1 DEEL I – VERLANG | | Punte | |
|---|---|---|---|
| | | **Sub-totaal** | **Totaal** |
| (c) | Bespreek die rekeningkundige erkenning en meting van alle aspekte wat met die ontwikkeling van die ContractAccount-toepassing verband hou in die finansiële state van TellMeMore vir FJ2019 wat aan IFRS voldoen.<br><br>• Moenie aanbieding en openbaarmaking bespreek nie.<br>• Ignoreer alle belastings. | 25 | |
| | *Kommunikasievaardighede – duidelike uitdrukkingswyse; toepaslike styl* | *2* | 27 |
| **Totaal for deel I** | | | **74** |


© SAICA 2019

**AANVANKLIKE TOETS VAN BEVOEGDHEID, JANUARIE 2019**

**PROFESSIONELE VRAESTEL 3**

**Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Beantwoord elke deel in ’n afsonderlike antwoordboek.**

| **VRAAG 1 DEEL II – VERLANG** | | **Punte** | |
|---|---|---|---|
| | | **Sub-totaal** | **Totaal** |
| (d) | Bespreek die sleutelfaktore wat TellMeMore moes oorweeg het tydens evaluering daarvan of hulle die ContractAccount-toepassing moet ontwikkel al dan nie, vanuit ’n strategiese sowel as ’n operasionele uitgangspunt. | 15 | |
| | *Kommunikasievaardighede – logiese beredenering* | *1* | 16 |
| (e) | Bespreek enige bekommernisse wat jy moontlik in verband met die professionele optrede van Lungile (die ouditvennoot) en Azhar (die onafhanklike diensverskaffer aangestel om rekeningkundige dienste te verskaf) mag hê. | 10 | 10 |
| **Totaal vir deel II** | | | **26** |
| **TOTAAL VIR DIE VRAAG** | | | **100** |

© SAICA 2019